

SAALBYEENKOMS: Wat jy saai sal jy maai

Inleiding:

Daar is 'n gesegde in Afrikaans, wat eintlik uit die Bybel kom: Gal 6:7 "...want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai." Dit beteken dat jy dit wat jy doen, of nie doen nie sal 'terugkry'. Kom ek vertel vir julle 'n storie om dit te verduidelik.

Storie: Die Saad (Kort Weergawe)

Wat jy saai sal jy maai vertel die storie van 'n CEO (grootbaas van 'n maatskappy) wat wou aftree, en sy opvolger moes kies. Hy het besluit om vir elke kandidaat saad te gee om te plant, en na 'n jaar moes almal hulle plante bring, sodat hy kon kyk wie se plant die beste lyk.

Die CEO het egter die saad voor die tyd gekook sodat dit nie KON groei nie. Die kandidate het dit egter nie geweet nie, en op die dag wat hulle hulle 'plante' moes bring, het almal slim planne gemaak en 'n plant saamgebring. Die man wat egter eerlik genoeg was om te sê dat sy plant nie gegroei het nie, het die nuwe CEO geword, want hierdie manne se eerlikheid was getoets.

Toepassing:

As jy eerlikheid plant, sal jy vertrou oes.

As jy goedheid plant, sal jy vriende oes.

As jy nederigheid plant, sal jy grootheid oes.

As jy volharding plant, sal jy tevredenheid oes.

As jy oordenking plant, sal jy perspektief oes.

As jy harde werk plant, sal jy sukses oes.

As jy vergifnis plant, sal jy versoening oes.

As jy geloof in Christus plant, sal jy verlossing oes.

Dus wees baie versigtig wat jy nou plant; dit sal bepaal wat jy later gaan oes.

Praktiese demonstrasie:

Bring, grond, saad en houters saam, en laat 'n paar vrywilligers jou help om dit te plant. Sit dit êrens in die skool sodat almal gereeld daarna kan kyk en hierdie belangrike les onthou. Jy kan selfs kinders beurte laat maak om verantwoordelikheid te vat om dit plant te versorg.